



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DRAMATIESE KUNSTE

RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

2014

Hierdie riglyne bestaan uit 23 bladsye.

HERSIENE PAT-DOKUMENT VIR DRAMATIESE KUNSTE 2014 PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE (PAT'e) VIR DRAMATIESE KUNSTE

RIGLYNE VIR DIE ONDERWYSER

1. INLEIDING

'n PAT stel die onderwyser in staat om regstreeks en sistematies die toepassing van bekwaamheid waar te neem. Die PAT bestaan uit die toepassing/opvoering van die kennis, vaardighede en waardes eie aan daardie vak.

Die PAT word oor die eerste drie kwartale van die skooljaar geïmplementeer. Die beplanning en uitvoering van die PAT verskil van vak tot vak.

2. VEREISTES: PAT'e VIR DRAMATIESE KUNSTE

Let daarop dat die PAT uit twee dele bestaan: 'n skriftelike afdeling (voorbereiding) en 'n opvoeringsafdeling. Die tabel op bladsy 3 toon al die take wat deur die loop van die jaar vir Dramatiese Kunste voltooi moet word. Taak 1 (Kwartaal 1), Taak 3 (Kwartaal 2) en Taak 5 (Kwartaal 3) is die drie PAT'e.

Algemeen: 'n Begrip van al vier Breë Onderwerpe en hul onderskeie Onderwerpe in die Dramatiese Kunste moet in aanmerking geneem word in die beplanning en implementering van die PAT. Gedurende elke jaar moet een individuele opvoering, een groepsopvoering gebaseer op spraak en een groepsopvoering gebaseer op fisieke werk as 'n PAT voltooi word. Verskillende dramatiese vorme en style van opvoering en aanbieding moet in die PAT'e gedek word. Die PAT'e moet op minstens twee van die vier Breë Onderwerpe fokus en maak 'n totaal van 50 punte vir elk van Take 1, 3 en 5 van die skoolgebaseerde assesseringstake uit. Elkeen van die 3 PAT'e bestaan uit twee afdelings:

AFDELING 1: Skriftelike voorbereiding (25 punte), wat 'n **teoretiese** afdeling is.

Die fokus van hierdie afdeling is om die leerder se kritiese vaardighede, analitiese vaardighede en kreatiewe denkvaardighede te ontwikkel. Die skriftelike voorbereiding moet blyke gee van deeglike beplanning, besinning en optekening. Dit kan aangebied word in die vorm van 'n opstel, navorsingstaak of werksopdrag wat die leerder voorberei vir die praktiese aanbieding (opvoering) van die PAT. Daar word van leerders verwag om kognitiewe en konseptuele begrip te toon van die vaardighede, inhoud en begrippe van die KABV Breë Onderwerpe sowel as die Onderwerpe, waarop die opvoeringsafdeling gebaseer is.

Die doel van die skriftelike afdeling is om:

- Leerders in staat te stel om deur 'n proses van akademiese voorbereiding vir die opvoeringsafdeling te werk
- Leerders se begrip van die klaskamerwerk te verdiep en te konsolideer
- Die belangrikheid van die integrasie van teorie en praktyk in die vak Dramatiese Kunste te beklemtoon
- Leerders voor te berei vir die komplekse kognitiewe en abstrakte teoretiese vereistes van die geskrewe halfjaar-, voorbereidende en eindeksamen

AFDELING 2: Opvoering (25 punte), wat 'n **praktiese** afdeling is.

Die fokus van hierdie afdeling is om die praktiese toepassing van vaardighede, inhoud en begrippe van die KABV Breë Onderwerpe sowel as die Onderwerpe te ontwikkel. Dit berei die leerders stelselmatig voor vir die praktiese vereistes van die halfjaar-, voorbereidende en eindeksamen van die Nasionale Senior Sertifikaat, waar van leerders verwag word om 'n temaprogram, oudisieprogram of tegniese program aan te bied.

JAARLIKSE ASSESSERINGSPROGRAM GRAAD 10 EN 11			
SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING (SGA)			
KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4
Taak 1: Praktiese Assesseringstaak (PAT) (Groep) (50) <ul style="list-style-type: none"> • Skriftelike voorbereiding (25) • Opvoering (25) 	Taak 3: Praktiese Assesseringstaak (PAT) (Individueel) (50) <ul style="list-style-type: none"> • Skriftelike voorbereiding (25) • Opvoering (25) 	Taak 5: Praktiese Assesseringstaak (PAT) (Groep) (50) <ul style="list-style-type: none"> • Skriftelike voorbereiding (25) • Opvoering (25) 	Taak 7: Graad 10 en 11 Eindeksamen (300) <ul style="list-style-type: none"> • Skriftelike eksamen (150) • Praktiese eksamen (150)
Taak 2: Toets (50)	Taak 4: Graad 10 Halfjaareksamen (200) <ul style="list-style-type: none"> • Skriftelike eksamen (100) • Praktiese eksamen (100) Graad 11 Halfjaareksamen (300) <ul style="list-style-type: none"> • Skriftelike eksamen (150) • Praktiese eksamen (150) 	Taak 6: Toets (50)	

JAARLIKSE ASSESSERINGSPROGRAM GRAAD 12			
SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING (SGA)			EKSTERNE ASSESSERING
KWARTAAL 1	KWARTAAL 2	KWARTAAL 3	KWARTAAL 4
Taak 1: Praktiese Assesseringstaak (PAT) (Groep) (50) <ul style="list-style-type: none"> • Skriftelike voorbereiding (25) • Opvoering (25) 	Taak 3: Praktiese Assesseringstaak (PAT) (Individueel) (50) <ul style="list-style-type: none"> • Skriftelike voorbereiding (25) • Opvoering (25) 	Taak 5: Praktiese Assesseringstaak (PAT) (Individueel en groep gekombineer) (50) <ul style="list-style-type: none"> • Skriftelike voorbereiding (25) • Opvoering (25) 	Eksterne eksamen (300) <ul style="list-style-type: none"> • Skriftelike eksamen (150) • Praktiese eksamen (150)
Taak 2: Toets (50)	Taak 4: Halfjaareksamen (300) <ul style="list-style-type: none"> • Skriftelike eksamen (150) • Praktiese eksamen (150) 	Taak 6: Toets (50)	
		Taak 7: Voorbereidende eksamen (300) <ul style="list-style-type: none"> • Skriftelike eksamen (150) • Praktiese eksamen (150) 	

Raadpleeg die tabel hieronder vir meer besonderhede oor sowel die skriftelikevoorbereiding- as die opvoering-afdeling van die PATe.

A. SKRIFTELIKE VOORBEREIDING OF TEORETIESE AFDELING VAN DIE PAT			
	Praktiese Assesseringstaak	Praktiese Assesseringstaak	Praktiese Assesseringstaak
<p>Met die oog op standaardisering sowel as die inkrementele bevordering van leerders se teoretiese en kognitiewe ontwikkeling, word die volgende teoretiese afdelings voorgestel vir óf voorbereiding óf besinning oor die opvoeringskomponent van die PATe.</p>	<p>Skriftelike voorbereiding:</p> <p>Opstel</p> <p>Sien die Riglyndokument, opskrif 5.1, vir die formaat van die opstel.</p> <p>Leerders gebruik die teoretiese ondersteuningsmateriaal (notas) wat die onderwyser vir hulle gee en pas die inligting toe wanneer hulle voorbereiding doen of besin oor die praktiese werk wat in die PAT gedoen word.</p>	<p>Skriftelike voorbereiding:</p> <p>Navorsingstaak</p> <p>Sien die Riglyndokument, opskrif 5.2, vir die formaat van die navorsingstaak.</p> <p>Leerders versamel addisionele bronmateriaal van buite om onafhanklike navorsing te doen om hul begrip van die praktiese werk in die PAT te verryk.</p>	<p>Skriftelike voorbereiding:</p> <p>Werkopdrag (eie keuse, bv. joernaal, collage ens.)</p> <p>Sien die Riglyndokument, opskrif 5.3, vir die formaat van die navorsingstaak.</p> <p>Leerders bespreek hul beplanning en voorbereiding vir die opvoeringskomponent van die PAT. Daar word voorgestel dat die werksopdrag gebruik word as voorbereiding vir die skriftelike en praktiese eksamen. Elke leerder moet inligting insamel, analiseer, interpreteer en aanbied op sy/haar eie ontwikkelingsreis na die praktiese deel/opvoering van hierdie PAT, sowel as die skriftelike en praktiese eksamens.</p>
	<p>LET WEL: Die drie PATe (opstel, navorsingstaak en werksopdrag) hoef nie in die volgorde hierbo gedoen te word nie. Alhoewel al drie PATe binne 'n jaar voltooi moet word, kan die opstel, navorsingstaak en werksopdrag in enige van die drie kwartale gedoen word, volgens elke skool se spesifieke beplanning.</p>		

B. PRAKTIESE OF OPVOERINGSADFDELING VAN DIE PAT

Onderwysers moet kies watter dramatiese vorm en/of tegniese aspekte die geskikste sal wees vir die individuele konteks van hul skool, die leerders se ontwikkeling en die tyd van die jaar.

Groepsopvoering gebaseer op fisiese werk:

Beweging, Mimiek, Dansdrama, Fisiese Teater, Kulturele Dansvorme, ens.

Groepsopvoering gebaseer op spraak:

Groepstonele, Werkswinkeldramas, Neergeskryfde ('Scripted') Dramas, Geïmproviseerde Tonele, Koorspraak, Gedramatiseerde Prosa, Vertelling, Werkswinkelteater, Protesteater, Werkersteater, Gemeenskapsteater, Inheemse Opvoeringsvorme, Storievertelling, ens.

Individuele opvoering:

Poësie, Monoloog, Gedramatiseerde Prosa, Populêre Opvoering, Storievertelling, Inheemse Opvoerings, Openbare Redevoering, ens.

Tegniese aspekte:

Inkleding ('Scenery'), Rekwisiete, Beligting, Klank, Kostuums, Grimering, Spesiale Effekte, Produksieskedules, Repetisies, Verhoogbestuurplanne, Bemarkingsplanne, Foyerprosedures, Toneelspel, Regie, Skryfwerk, Werkswinkels, Bestuur, Ontwerp, ens.

3. AANBEVOLE HULPBRONNE OF TOERUSTING BENODIG VIR DIE TAKE

Die volgende hulpbronne, toerusting en fasiliteite word voorgestel vir die implementering van die PAT'e na gelang van die skool se situasie:

- Skryfpapier vir elke leerder om die opstel, navorsingstaak en werksopdrag te voltooi
- 'n Lêer vir elke leerder met bewyse van assessering. Bostaande bewyse van die leerder se voltooide PAT moet hierin geliasseer word. Die bewyse sal tydens moderering voorgelê word. Toegang tot inligting vir die opstel, navorsingstaak en werksopdrag in die vorm van:
 - Literatuur/artikels en/of tekste
 - Aanbevole handboek vir Dramatiese Kunste: Raadpleeg die Departement se LTSM-katalogus.
 - Drie voorgestelde dramatekste vir graad 10 en 11. Sien jaarprogram vir onderrig.
 - Drie voorgeskrewe dramatekste vir graad 12. Raadpleeg die Departement se eksamenriglyne.
 - Artikels uit gepubliseerde dramahandboeke, koerante, tydskrifte, die Internet en ander geloofwaardige bronne
- 'n Klaskamer, verkieslik 'n dubbelklaskamer/studio/repetisielokaal vir praktiese klasse, minimum 14 m x 10 m, of 'n skoolsaal.
- 'n Klaskamer met tafels en stoele vir teoretiese onderrig

Die volgende toerusting en fasiliteite sal die studie van Dramatiese Kunste in die skoolomgewing bevorder. Dit is nie voorvereistes nie, maar sal voordelig wees vir die onderrig van die vak.

- Toerusting:
 - Dramavideo's/DVD's (stemontwikkeling, fisiese ontwikkeling, teatergeskiedenis, dramas)
 - Rekenaar, drukker, televisiestel, videomasjien/videokamera/stilkamera
 - Liasseerkabinet om boeke en dramas te liasseer
 - Musieksentrum met CD- en DVD-speler
 - Datakaart/geheuekaart/dataprojektors/skootrekenaars/sagteware
 - Geskikte inheemse rekwisiete, bv. tromme, horings, klokke
- Fasiliteite:
 - Vierkantige houtblokke (kubusse), platskerms en rostrums
 - Skuimrubbermatte, geveerde houtvloere, vloere met matte, grasmatte, diervelle
 - Toesluitstaalkabinet vir die stoor van bostaande en ander waardevolle toerusting
 - Stoorkamer vir kostuums, rekwisiete, ens.
 - Verhoog met gordyne, beligtings- en klankfasiliteite

4. INSTRUKSIES VIR DIE LEERDER

- Praktiese take word nie beperk tot 'n opvoering nie. Die praktiese assesseringstake (1, 3 en 5) dien as voorbereiding vir jou skriftelike en praktiese halfjaar-, voorbereidende en eindeksamen.
- Integreer die teoretiese aspek van die PAT met die praktiese aspek.
- Verdiep jou in die beplanning, voorbereiding, navorsing, opbou van vaardighede en besinning/nadenke voordat jy jou opstel, navorsingstaak of werksopdrag inlewer.
- Repeteer die items wat jy gaan opvoer totdat jy dit vlot, uiters goed en met selfvertroue kan doen
- Gebruik hierdie kleiner geleenthede om 'n vaste fondament te lê vir jou later teoretiese en praktiese eksamenwerk.
- In die eindeksamen se skriftelike vraestel sal daar van jou verwag word om vrae wat op die praktiese werk gegrond is, te beantwoord deur 'n teoretiese raamwerk te gebruik.

5. ASSESSERINGSINSTRUMENTE

Drie rubrieke word voorgestel vir die assessering van die drie PATe: OPSTEL, NAVORSINGSTAAK en WERKSOPDRAG. Onderwysers moet elke leerder van 'n afskrif van die toepaslike rubriek voorsien en sorg dra dat die leerder die kriteria in elke rubriek begryp **voordat daar met die take begin word**.

Sien bladsye 8–11 vir die riglyne en rubrieke wat verskaf word vir die gehalteversekering en standaardisering van die opstel, navorsingstaak en werksopdrag.

Sien bladsye 12–23 vir voorgestelde rubrieke vir die opvoeringsafdeling van die PATe.

Punte word soos volg toegeken:

- Punte word toegeken in ooreenstemming met die kriteria wat behaal is volgens die assesseringsrubriek.
- 25 punte word toegeken vir die skriftelike voorbereiding.
- 25 punte word toegeken vir aanbieding/opvoering.

SKRIFTELIKE VOORBEREIDINGSKOMPONENTE VAN DIE PATE**5.1 RIGLYNE VIR DIE STANDAARDISERING VAN DIE OPSTEL**

Onderwysers kan hierdie riglyne gebruik om te verseker dat die volgende aspekte gedek word:
1. INSTRUKSIES/OPDRAG AAN DIE LEERDER <ul style="list-style-type: none"> Onderwerp moet duidelik en eenvoudig gestel word en 'n woordelys moet gebruik word Verdeel die onderwerp in kernidees vir paragrawe Sluit 'n voorgestelde tydsbestuursplan in, bv. beplanning vir sperdatums, indien van bewyse, ens. Spesifiseer die tipe opstel, bv. vergelykend, beskrywend
2. FORMAAT <ul style="list-style-type: none"> Formele struktuur, bv. skryf in paragrawe met kernidees Inleiding, liggaam/hoofgedeelte, samevatting/opsomming Lengte en gewigstoekening. Die volgende kan as riglyn dien: ± 1 bladsy = ± 250 woorde = ± 25 punte vir 'n kort opstel (pas aan waar van toepassing)
3. INHOUD <ul style="list-style-type: none"> Beplan vanuit die KABV se Breë Onderwerpe en Onderwerpe Begrip en toepassing van kennis, vaardighede en konsepte Ondersteuningsmateriaal deur die onderwyser voorgestel of voorsien, wat as die basis van die opstel sal dien Integrasie van praktiese ervaring en teoretiese leerstof moet duidelik blyk. Basiese terminologie (taal van drama) wat gebruik word. Die opstel moet die praktiese en teoretiese ontwikkeling van die leerder se begrip van die onderwerp weerspieël

RUBRIEK VIR DIE OPSTEL		
Kategorie	Punt %	Vlakbeskrywers [Bewyse]
Uitstaande prestasie	23–25	Goed georganiseerd, volledig en logies, afgeronde struktuur. Ondersteun deur 'n uitsonderlik hoë vlak van bevoegdheid. In staat om inligting te verwerk tot 'n oorspronklike interpretasie en deurdagte keuse van feite. Gebruik 'n verskeidenheid oorspronklike en/of relevante dramaverwysings. Insig, vlotheid, waarneming en kennis word treffend uitgedruk.
Verdienselike prestasie	20–22	Goed georganiseerd, omvattend en samehangend, afgeronde struktuur. Ondersteun deur 'n hoë vlak van bevoegdheid om inligting te verwerk met 'n oorspronklike interpretasie en deurdagte keuse van feite. Gebruik oorspronklike en ongewone keuse van relevante dramaverwysings. Toon insig, waarneming en kennis - goed uiteengesit.
Bevredigende prestasie	17–19	Georganiseerd, omvattend, 'n bevredigende vlak van bevoegdheid, enkele foute is waarneembaar in die struktuur. Interessant om te lees, duidelike stellings, oortuigend, eenvoudige taalgebruik. Ondersteun deur 'n keuse van relevante dramaverwysings. Toon 'n goeie begrip van die tema/taak, enkele insigryke stellings. Moeite is gedoen met die aanbieding.
Toereikende prestasie	13–16	Struktuur nie altyd logies en georganiseerd nie, aanvaarbare poging met die aanbieding. Toon 'n basiese begrip, maar is geneig om ondeurdagte en gestereotipeerde antwoorde te verskaf. Genoegsame seleksie van relevante dramaverwysings. Genoegsame naleeswerk maar kom gememoriseer voor. Nie altyd 'n hoë vlak van insig nie, by tye verbeeldingloos, maar het beperkte vermoë om bespreking van onderwerp te motiveer.
Gemiddelde prestasie	10–12	Opstel nie altyd georganiseerd nie, struktuur nie altyd logies nie. Nie altyd genoeg inligting nie, soms is daar flikkerings van insig. Beperkte keuse van inligting gemaak. Swak taalvaardigheid. Argument benodig ondersteunende bespreking.
Elementêre prestasie	6–9	Onsamehangend – geen struktuur nie, beperkte woordeskat, min pogings aangewend om inligting op 'n aanvaarbare manier aan te bied. Baie min inligting, deurmekaar, moeilik om te volg, dikwels irrelevant. Swak taalvaardigheid. Argument benodig ondersteunende bespreking.
Onvoldoende	0–5	Onsamehangend, baie min werk ingedien, beperkte vaardighede. Irrelevante inligting neergeskryf, geen bespreking om argument te ondersteun nie.

5.2 RIGLYNE VIR DIE STANDAARDISERING VAN DIE NAVORSINGSTAAK

Onderwysers kan hierdie riglyne gebruik om te verseker dat die volgende aspekte gedek word:	
1.	INSTRUKSIES/OPDRAG AAN DIE LEERDER <ul style="list-style-type: none"> Duidelik en ondubbelsinnig, gebruik die gepaste terminologie, bv. analiseer/beskryf/vergelyk/evalueer/voorspel/eie mening Gebaseer op die toepaslike KABV Breë Onderwerpe en Onderwerpe wat vir leer geselekteer is Toon sensitiviteit en respek vir geslag, inklusiwiteit, kultuur, klas, ras en godsdiens
2.	FORMAAT kan enige van die volgende moontlikhede wees: <ul style="list-style-type: none"> Skriftelike aanbieding (bv. navorsingsopstel met 'n inleiding, hoofgedeelte met kennis, samevatting/opsomming), minimum 300 woorde/2 bladsye Mondelinge aanbieding ondersteun deur geskrewe materiaal (notas, dinkskrum, ens), 3–5 minute per leerder Forumbespreking/debat met gepaardgaande teks (15 minute per groep van 5) Media: Filmmittreksels/video/DVD/televisie-insetsels/radio/koerantuittreksels/ (3–5 minute) PowerPoint-aanbiedings: 3–5 minute per leerder Onderhoude en gepaardgaande tekste (5 minute per paar/groep) Modelle [van verhoogtipies, stelontwerpe, dekor, rekwisiete, kostuums] met gepaardgaande geskrewe agtergrondinligting Collage, gemengde media, montage
3.	INHOUD van die navorsing: <ul style="list-style-type: none"> Die KABV Breë Onderwerpe en Onderwerpe vir die vak Dramatiese Kunste vorm die grondslag vir die konseptualisering en toepassing van die vaardighede, konsepte en leerinhoud in die navorsing Toon begrip en toepassing van vaardighede, konsepte en inhoud Integreer praktiese ervaring en teoretiese ondersteuningsmateriaal (klaskamernotas en ander bronne) in die navorsing Gebruik die terminologie van Dramatiese Kunste (die taal van drama) in alle skriftelike aanbiedings In die geval van Inheemse Kennissisteme moet gespesialiseerde taalgebruik gevolg en akkuraat verduidelik word
4.	BRONNE /insameling van inligting vir die navorsing: <ul style="list-style-type: none"> Verskeidenheid bronne (onderhoude, veldwerk, menslike hulpbronne, boeke, koerante, televisie, film, Internet, ens.) Gebruik minstens twee bronne (nie meer as een Internetbron nie) Verwys na bronne (verwysingsstelsel/bibliografie) Wees bewus van die moontlikheid van plagiaat, d.w.s. slegs die etiese gebruik van bronne

RUBRIEK VIR DIE NAVORSINGSTAAK		
Kategorie	Punt %	Vlakbeskrywers [Bewyse]
Uitstaande prestasie	23–25	Goed georganiseerd, volledig en logies, afgeronde struktuur. Ondersteun deur 'n uitsonderlik hoë vlak van bevoegdheid. In staat om inligting te verwerk tot 'n oorspronklike interpretasie en deurdagte keuse van feite. Gebruik 'n verskeidenheid oorspronklike en/of relevante drama verwysings en/of filmsnitte. Insig, vlotheid, waarneming en kennis word treffend uitgedruk. Indien modelle of gemengde media gebruik word, is dit goed gemaak en vul die navorsing aan.
Verdienselike prestasie	20–22	Goed georganiseerd, omvattend en samehangend, afgeronde struktuur. Ondersteun deur 'n hoë vlak van bevoegdheid om inligting te verwerk met 'n oorspronklike interpretasie en deurdagte keuse van feite. Gebruik oorspronklike of ongewone keuse van relevante drama verwysings. Toon insig, waarneming en kennis - goed uiteengesit. Indien modelle of gemengde media gebruik word, vul dit die navorsing aan.
Bevredigende prestasie	17–19	Georganiseerd, omvattend, 'n mate van bevoegdheid, enkele minder ernstige foute is waarneembaar in die struktuur. Interessante leesstof, duidelike stellings, oortuigend, eenvoudige taalgebruik. Ondersteun deur 'n keuse van relevante dramaverwysings en/of filmsnitte. Toon 'n goeie begrip van die tema/taak, enkele insigryke stellings. Moeite is gedoen met die aanbieding. Indien modelle of gemengde media gebruik word, hou dit verband met die navorsing.
Voldoende prestasie	13–16	Struktuur nie altyd logies en georganiseerd nie, redelike poging met die aanbieding. Toon 'n basiese begrip, maar is geneig om ondeurdagte en gestereotipeerde antwoorde te verskaf. Genoegsame seleksie van relevante dramaverwysings en/of filmsnitte. Genoegsame naleeswerk maar kom gememoriseer voor. Nie altyd 'n hoë vlak van insig nie, by tye verbeeldingloos, beperkte vermoë om bespreking van onderwerp te motiveer. Indien modelle of gemengde media gebruik word, ondersteun dit nie altyd die navorsing nie.
Gemiddelde prestasie	10–12	Opstel nie altyd georganiseerd nie, struktuur nie altyd logies nie. Nie altyd genoeg inligting nie, soms is daar flikkerings van insig. Beperkte keuse van inligting gemaak. Swak taalvaardigheid. Argument word nie ondersteun deur bespreking nie. Modelle of gemengde media wat gebruik word, is nie goed gemaak of besonder toepaslik nie.
Elementêre prestasie	6–9	Onsamehangend – geen struktuur nie, beperkte woordeskat, min pogings aangewend om inligting op 'n aanvaarbare manier aan te bied. Baie min inligting, deurmekaar, moeilik om te volg, dikwels irrelevant. Swak taalvaardigheid. Argument nie ondersteun deur bespreking nie. Die gebruik van 'n ondersteunende model is onwaarskynlik; enige gemengde media sal swak gemaak wees.
Onvoldoende	0–5	Onsamehangend, baie min werk ingedien, beperkte vaardighede. Irrelevante inligting neergeskryf, geen bespreking om argument te ondersteun nie.

5.3 RIGLYNE VIR DIE STANDAARDISERING VAN DIE WERKSOPDRAG

Onderwysers kan hierdie riglyne gebruik om te verseker dat die volgende aspekte gedek word:	
1.	INSTRUKSIES/OPDRAG AAN DIE LEERDER <ul style="list-style-type: none"> • Duidelik en ondubbelsinnig, gebruik die gepaste terminologie, bv. analiseer/beskryf/vergelyk/evalueer/voorspel/eie mening • Gebaseer op die toepaslike KABV Breë Onderwerpe en Onderwerpe wat vir leer geselekteer is • Toon sensitiwiteit en respek vir geslag, inklusiwiteit, kultuur, klas, ras en godsdiens
2.	FORMAAT kan enige van die volgende moontlikhede wees: <ul style="list-style-type: none"> • Joernaalinskrywing • Collage • Montage • Visuele aanbieding (bv. foto's, video, DVD, klankopnames) • Paragrafe • Kreatiewe opstel • Werksblad ontwerp deur die onderwyser • Voorbereiding vir die finale praktiese eksamen • Nadenke oor uitstappies, veldwerk, gemeenskapsruimtes/-plekke • Film-analise, teaterresensies
3.	INHOUD van die werksopdrag: <ul style="list-style-type: none"> • Die werksopdrag word gebruik om klaskameronderrig van die KABV Breë Onderwerpe en Onderwerpe op te teken • Die werksopdrag moet op 'n betekenisvolle manier oor die onderrig besin en bewyse lewer van die deurlopende ontwikkeling van die leerder • Toon begrip en toepassing van vaardighede, kennis en inhoud • Integreer praktiese ervaring en teoretiese ondersteuningsmateriaal (klasaantekeninge en ander bronmateriaal) in die navorsing • Gebruik Dramatiese Kunste-terminologie (die taal van drama) in alle skriftelike aanbiedings • In die geval van Inheemse Kennissisteme moet gespesialiseerde taalgebruik gehandhaaf en akkuraat verduidelik word • Daar word voorgestel dat die werksopdrag gebruik word as voorbereiding vir beide die PAT-aanbieding en die opvoeringskomponent van die praktiese eksamen

RUBRIEK VIR DIE WERKSOPDRAG					
KRITERIA	0-3	4-7	8-15	16-19	20-25
Bepannings-vaardighede	Die leerder sukkel met probleem-oplossing en toon swak beplannings-vaardighede.	Die leerder toon 'n mate van vermoë om probleme op te los en verskaf elementêre beplanning.	Die leerder is in staat om probleme kreatief op te los deur middel van effektiewe beplanning.	Die leerder is in staat om probleme effektief op te los deur middel van beplanning wat bruikbaar en geskik vir die proses is.	Die leerder toon kreatiewe en kognitiewe vaardighede wat blyke van deeglike beplanning gee. 'n Wye reeks verbeeldingryke prosesse word gebruik om geleentheid tot verkenning te bied.
Toegepaste vaardighede	Die leerder ondervind moeite met die toepassing van vaardighede en toon swak bestuur van die proses.	Die leerder ondervind moeite met die uitvoer en implementering van beplanning en die integrasie van vaardighede. Daar word in 'n mate aan die vereistes voldoen.	Die leerder voer planne uit en integreer 'n verskeidenheid vaardighede wat bydra tot voldoening aan die vereistes.	Die leerder is in staat om planne uit te voer en beskik oor die vermoë om konseptuele/ opvoerings-/ ontwerp- en prosesvaardighede te integreer wat bydra tot voldoening aan die vereistes.	Die leerder is deeglik en verbeeldingryk in die bestuur van sy/haar leierskap. Toon 'n onafhanklike inisiatief in die integrering van 'n omvattende reeks vaardighede wat bydra tot voldoening aan die vereistes.
Vaardigheid in optekening en nadenke	Die leerder toon 'n elementêre gebruik van woordeskat sonder enige bewustheid van style, vorme en konvensies in die eindproduk.	Die leerder ondervind moeite met die gebruik van woordeskat. Toon beperkte kennis van die style, vorme en konvensies wat vir die proses en die produk vereis word.	Die leerder is in staat om 'n beperkte omvang van woordeskat te gebruik en kan style, vorme, konvensies en prosesse by die eindproduk inkorporeer.	Die leerder gebruik toepaslike woordeskat effektief en toon 'n bewustheid van die inkorporering van style, vorme, prosesse en konvensies in die eindproduk.	Die leerder toon die gespesialiseerde gebruik van woordeskat (bv. dramaterminologie/ genre/wêreldbeskouing, insluitend die voorstelling van ras, klas, geslag en kultuur) en is in staat om die menslike gemeenskaplikheid, diversiteit en belewenis krities te evalueer en te vergelyk. Gebruik relevante vorme, style, konvensies en prosesse in die finale aanbieding.

MONOLOOG			
KRITERIA	BEHAAL MET VERDIENSTE	BEHAAL	GEDEELTELIK BEHAAL
Voorbereiding	Die leerder ken die woorde van die monoloog en lewer bewys van besinning, beplanning en repetisie.	Die leerder ken die woorde, maar toon tekens van onsekerheid of onvoldoende repetisie.	Die leerder ken nie die woorde van die monoloog nie en toon geen teken van besinning, beplanning of repetisie nie.
Begrip van monoloog	Die leerder toon 'n buitengewone begrip van die monoloog soos dit binne die konteks van die toneelstuk as 'n geheel voorkom. Hy/sy verstaan die basiese dilemma/konflik van die monoloog, sy/haar karakter en die motivering van die karakter.	Daar is tekens van 'n mate van begrip van die monoloog, maar sekere aspekte is oorgesien of is nie deurlopend konsekwent nie. Daar mag moontlik 'n verkeerde vertolking van die gegewe omstandighede wees.	Die leerder toon min of geen begrip van die monoloog binne die konteks van die toneelstuk as 'n geheel nie. Hy/sy verstaan nie die basiese dilemma/konflik van die monoloog, sy/haar karakter en motivering nie. Die gegewe omstandighede word geheel en al verkeerd geïnterpreteer.
Vokale karakterisering	Die leerder demonstreer 'n begrip van hoe al die elemente van die stem gesamentlik die persoonlikheid, agtergrond, klas, ouderdom, opvoeding en status van die spreker kommunikeer. Hy/sy is in staat om 'n teks te interpreteer, gepaste keuses ten opsigte van karakterisering te maak en die gekose karaktereienskappe toe te pas sonder vokale spanning/ooreising. Hierdie karaktereienskappe kan toonhoogte, intonasie, omvang, ritme, aksent, infleksie en kwaliteit insluit, om die stem van die karakter suksesvol en op gepaste wyse oor te dra.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol in die skep en volhou van 'n vokale karakterisering, of daar kan tekens van vokale spanning/ooreising wees. Sekere aspekte van die karakterisering mag moontlik onvanpas vir die bepaalde karakter of konteks wees.	Die leerder is onsuksesvol in die skep en volhou van 'n vokale karakterisering, of daar is deurlopende vokale spanning/ooreising in die aanbieding. Die vokale karakterisering is onvanpas vir die bepaalde karakter of konteks.
Vokale duidelikheid	Die leerder praat duidelik en hoorbaar vir goeie kommunikasie. Hy/sy is in staat om (binne perke) die gepaste volume vir 'n ruimte te produseer, sonder vokale spanning/ooreising.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol m.b.t. duidelike en hoorbare spraak. Daar is momentele insinkings, of oomblikke van spanning/ooreising.	Die leerder is onsuksesvol met betrekking tot duidelike en hoorbare spraak. Volume kan slegs verkry word deur vokale spanning/ooreising.
Fisiese karakterisering	Die leerder toon die vermoë om sy/haar liggaam aan te pas ten opsigte van postuur, energie, gewig, grootte en kwaliteit van gebare, fisiese ritmes en gewoontes, ten einde 'n gepaste fisikaliteit vir sy/haar karakter op suksesvolle wyse oor te dra.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol in die skep en volhou van 'n fisiese karakterisering, of daar mag tekens van onnodige spanning wees. Sekere aspekte van die karakterisering mag moontlik onvanpas vir die bepaalde karakter of konteks wees.	Die leerder is onsuksesvol in die skep en volhou van 'n fisiese karakterisering, of daar is oormatige onnodige spanning regdeur die aanbieding. Die fisiese karakterisering is onvanpas vir die bepaalde karakter of konteks.
Verhoogsin – gebruik van ruimte	Die leerder toon die vermoë om die verhoogruimte op gepaste en interessante wyse aan te wend sodat die aanbieding duidelik met die gehoor kommunikeer. Alle beweging is gemotiveerd. (LET WEL: In 'n monoloog kan beperkte of geen beweging gepas wees; die fokus moet dan verskuif na hoe die speelruimte gevul moet word ten einde die gehoor deur die aanbieding te ontroer.)	Die leerder is gedeeltelik suksesvol in die aanwending van die verhoogruimte op gepaste en interessante wyse. Dit mag wees as gevolg van selfbewustheid, oomblikke van onsekerheid of ongemotiveerde bewegings met tye.	Die leerder is onsuksesvol in die aanwending van die verhoogruimte op gepaste en interessante wyse. Hy/sy is deurgaans selfbewus en onseker en beweeg dikwels sonder motivering.
Emosionele konneksie	Die leerder toon die vermoë om op effektiewe en gepaste wyse met die emosies van sy/haar karakter te konnekteer sodat die gehoor oortuig is van die geloofwaardigheid van hierdie emosies.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol ten opsigte van 'n gepaste en effektiewe konneksie met sy/haar karakter se emosies; hy/sy mag moontlik nie ten alle tye heeltemal oortuigend wees nie, of hy/sy mag op sekere momente op onvanpaste wyse reageer.	Die leerder is onsuksesvol ten opsigte van 'n gepaste en effektiewe konneksie met sy/haar karakter se emosies; hy/sy is onoortuigend, of sy/haar emosionele keuses is geheel en al onvanpas.

Vertolking van subteks	Die leerder toon 'n begrip van die subteks en intensie, ten einde 'n karakter op sinvolle wyse vir 'n gehoor verstaanbaar te maak. Die karakter se innerlike lewe word verken en volgehou regdeur die opvoering.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol in die uitspeel van die subteks en intensie en om die karakter op sinvolle wyse vir 'n gehoor verstaanbaar te maak. Die karakter se innerlike lewe word nie heeltemal gedurende die aanbieding volgehou nie.	Die leerder is onsuksesvol in die uitspeel van subteks en intensies. Spreekbeurte en handeling kom ongemotiveerd voor; min bewys word gelewer dat daar oor die subteks gedink is, spreekbeurte word afgerammel/opgesê en die karakter se innerlike lewe word nie gedurende die aanbieding volgehou nie.
Interpretasie van karakter	Die leerder vertolk die karakter op intelligente wyse en maak effektiewe en gepaste keuses, op grond van kennis van die toneelstuk waaruit die monoloog kom.	Die leerder se vertolking van die karakter is gedeeltelik suksesvol; sekere keuses is nie so effektief of gepas as wat wenslik is nie, of daar is tekens van 'n gebrek aan begrip van die gegewe omstandighede van die toneelstuk.	Die leerder se vertolking van die karakter is onsuksesvol, hy/sy maak totaal onvanpaste keuses wat oneffektief is, en bewys word gelewer dat die gegewe omstandighede van die toneelstuk heeltemal misverstaan is.
Verhouding met luisteraar	Die leerder toon die vermoë om die onsigbare luisteraar deur middel van visualisasie te skep, of, indien dit gepas is, die gehoor as luisteraar te gebruik. Hy/sy demonstreef 'n begrip van die karakter se status in verhouding tot die luisteraar en sy/haar moontlike reaksies op wat tydens die verloop van die monoloog gesê word.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol in die skep van die onsigbare luisteraar deur middel van visualisasie of deur die gehoor as luisteraar te gebruik. Daar is 'n mate van begrip vir die karakter se status in verhouding tot die luisteraar, maar min begrip vir watter reaksies daar is.	Die leerder is onsuksesvol in die skep van die onsigbare luisteraar deur middel van visualisasie. Daar is min begrip vir die karakter se status in verhouding tot die luisteraar, of watter moontlike reaksies daar mag wees.
Geloofwaardigheid	Die leerder is ten alle tye geloofwaardig binne die konteks van die monoloog.	Die leerder is in sekere momente geloofwaardig binne die konteks van die monoloog.	Die leerder is selde geloofwaardig binne die konteks van die monoloog.
Struktuur van monoloog	Die leerder toon 'n begrip van hoe die dramaturg die monoloog gestruktureer het. Die monoloog het 'n duidelike begin, middel en einde. Daar is 'n klimaks of hoogtepunt in die monoloog.	Die leerder het nie 'n duidelike onderskeid tussen begin, middel en einde getref nie. Die klimaks word nie ten volle gerealiseer nie.	Daar is min bewys van struktuur, geen werklike aanduiding van 'n begin, middel en einde nie en die klimaks word nie gerealiseer nie.
Ritmes/Vorm van monoloog	Die leerder toon 'n begrip van die eb en vloed van die monoloog, die gebruik van tempo om te beklemtoon of na 'n klimaks op te bou, die verskuivende ritmes van verskillende slae ('beats') binne 'n monoloog.	Die leerder kan nie deurgaans genoegsame variasie binne die monoloog skep nie, tempo is by tye te reëlmatig of eentonig en daar is min bewys van verskillende slae binne die monoloog.	Daar is min of geen variasie in die monoloog nie, tempo is te reëlmatig en eentonig en geen bewys word gelewer van verskillende slae binne die monoloog nie.
Skep van 'n gepaste genre/styl	Die leerder toon die vermoë om die genre en styl op gepaste wyse te interpreteer en te voldoen aan die vereistes van die genre/styl ten opsigte van aspekte soos die verhouding met die gehoor, geloofwaardigheid binne die styl, tydsberekening, gepaste fisieke aksie, ens.	Daar is 'n poging aangewend om die genre en styl op gepaste wyse te interpreteer, maar die vereistes van die genre/styl word nie deurgaans ten volle in die monoloog gerealiseer nie.	Daar is min of geen poging om die genre en styl op gepaste wyse te interpreteer nie en die vereistes van die genre/styl word nie in die monoloog gerealiseer nie.
Impak van monoloog	Die monoloog is onvergeetlik, effektief en boeiend.	Die monoloog het enkele onvergeetlike, effektiewe en boeiende oomblikke, maar dit is inkonsekwent.	Die monoloog het min of geen onvergeetlike, effektiewe, boeiende oomblikke nie.

TONEEL			
KRITERIA	BEHAAL MET VERDIENSTE	BEHAAL	GEDEELTELIK BEHAAL
Vorbereiding	Die leerder ken die woorde van die toneel en lewer bewys van nadenke, beplanning en repetisie.	Die leerder ken die woorde, maar toon wel tekens van onsekerheid of onvoldoende repetisie.	Die leerder ken nie die woorde van die toneel nie en toon geen teken van nadenke, beplanning of repetisie nie.
Begrip van toneel	Die leerder toon 'n begrip van die toneel soos dit binne die konteks van die toneelstuk as 'n geheel voorkom. Hy/sy verstaan die basiese dilemma/konflik van die toneel, die karakters en hul motivering.	Daar is tekens van 'n mate van begrip van die toneel, maar sekere aspekte is oorgesien of is nie deurgaans konsekwent nie. Daar mag moontlik 'n verkeerde interpretasie van die gegewe omstandighede wees.	Die leerder toon min of geen begrip van die toneel binne die konteks van die toneelstuk as 'n geheel nie. Hy/sy verstaan nie die basiese dilemma/konflik van die toneel, sy/haar karakter en motivering nie. Die gegewe omstandighede word geheel en al verkeerd geïnterpreteer.
Vokale karakterisering	Die leerder toon 'n begrip van hoe al die elemente van die stem gesamentlik die persoonlikheid, agtergrond, klas, ouderdom, opvoeding en status van die spreker kan kommunikeer. Hy/sy is in staat om 'n teks te interpreteer, gepaste keuses ten opsigte van karakterisering te maak en die gekose karaktereienskappe toe te pas sonder vokale spanning/ooëising. Hierdie karaktereienskappe kan die volgende insluit: toonhoogte, intonasie, omvang, ritme, aksent, infleksie en kwaliteit, ten einde die stem van die karakter suksesvol en op gepaste wyse oor te dra.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol in die skep en volhou van 'n vokale karakterisering, of daar mag moontlik tekens van vokale spanning/ooëising wees. Sekere aspekte van die karakterisering mag moontlik onvanpas vir die bepaalde karakter of konteks wees.	Die leerder is onsuksesvol in die skep en volhou van 'n vokale karakterisering, of daar is deurgaans vokale spanning/ooëising in die aanbieding. Die vokale karakterisering is onvanpas vir die bepaalde karakter of konteks.
Vokale duidelikheid	Die leerder praat duidelik en hoorbaar. Hy/sy is in staat om die gepaste volume vir 'n ruimte te produseer, sonder vokale spanning/ooëising.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol met betrekking tot duidelike en hoorbare spraak. Daar is momentele insinkings, of oomblikke van spanning/ooëising.	Die leerder is onsuksesvol met betrekking tot duidelike en hoorbare spraak. Volume kan slegs verkry word deur vokale spanning/ooëising.
Fisiese karakterisering	Die leerder toon die vermoë om sy/haar liggaam aan te pas ten opsigte van postuur, energie, gewig, grootte en kwaliteit van gebare, fisiese ritmes en gewoontes, ten einde die gepaste fisikaliteit van sy/haar karakter op suksesvolle en gepaste wyse oor te dra.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol in die skep en volhou van 'n fisiese karakterisering, of daar mag tekens van onnodige spanning wees. Sekere aspekte van die karakterisering mag moontlik onvanpas vir die bepaalde karakter of konteks wees.	Die leerder is onsuksesvol in die skep en volhou van 'n fisiese karakterisering, of daar is oormatige onnodige spanning regdeur die aanbieding. Die fisiese karakterisering is onvanpas vir die bepaalde karakter of konteks.
Verhoogsin – gebruik van ruimte	Die leerder toon die vermoë om die verhoogruimte op gepaste en interessante wyse aan te wend sodat die aanbieding duidelik met die gehoor kommunikeer en 'n begrip getoon word vir die veranderende dinamika van die verhouding wat ondersoek word. Alle beweging is gemotiveerd.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol in die aanwending van die verhoogruimte op gepaste en interessante wyse. Dit mag wees as gevolg van selfbewustheid, 'n poging om die kalklig te steel, onsekerheid in sekere momente of ongemotiveerde bewegings met tye.	Die leerder is onsuksesvol in die aanwending van die verhoogruimte op gepaste en interessante wyse. Hy/sy is deurgaans selfbewus, probeer die kalklig te steel, is onseker en beweeg dikwels sonder motivering.

Emosionele konneksie	Die leerder toon die vermoë om op effektiewe en gepaste wyse met die emosies van sy/haar karakter te konnekteer, sodat die gehoor oortuig is van die geloofwaardigheid van hierdie emosies.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol in die gepaste en effektiewe konneksie met sy/haar karakter se emosies; hy/sy mag moontlik nie ten alle tye wees heeltemal oortuigend nie, of hy/sy mag op sekere momente op onvanpaste wyse reageer.	Die leerder is onsuksesvol in die gepaste en effektiewe konneksie met sy/haar karakter se emosies; hy/sy is heeltemal onoortuigend, of sy/haar emosionele keuses is geheel en al onvanpas.
Vertolking van subteks	Die leerder toon 'n begrip van die subteks en intensie, ten einde 'n karakter se spreekbeurte en handeling vir 'n gehoor verstaanbaar te maak. Die karakter se innerlike lewe word ontgin en regdeur die aanbieding volgehou.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol in die uitspeel van die subteks en intensie en om die karakter se spreekbeurte en handeling vir 'n gehoor verstaanbaar te maak. Die karakter se innerlike lewe word nie heeltemal gedurende die aanbieding volgehou nie.	Die leerder is onsuksesvol in die uitspeel van subteks en intensies. Spreekbeurte en handeling kom ongemotiveerd voor, min bewys word gelewer dat daar oor die subteks gedink is, spreekbeurte word afgerammel/opgesê en die karakter se innerlike lewe word glad nie gedurende die aanbieding volgehou nie.
Interaksie – luister	Die leerder toon die vermoë om in karakter te bly wanneer hy/sy nie praat of nie die fokus van die aandag is nie; hy/sy reageer op en luister ten alle tye na die ander karakters op die verhoog.	Die leerder is inkonsekwent ten opsigte van karakterisering wanneer hy/sy nie praat of nie die fokus van die aandag is nie; reaksies op en die luister na ander karakters word nie volgehou deur die toneel nie.	Min of geen bewys word gelewer van karakterisering wanneer hy/sy nie praat of nie die fokus van die aandag is nie; daar is min reaksie op die ander karakters en min of geen tekens dat hy/sy luister nie.
Ontwikkeling van verhouding	Die leerder toon 'n begrip van sy/haar karakter se status in verhouding tot die ander karakters in die toneel en laat toe dat die verhouding tussen die karakters op gepaste wyse groei, ontwikkel en verander.	Die leerder is inkonsekwent in die toon van sy/haar karakter se status in verhouding tot die ander karakters in die toneel; die verhouding tussen die karakters groei, ontwikkel of verander nie op gepaste wyse nie.	Die leerder is onbewus van sy/haar karakter se verhouding tot die ander karakters in die toneel; die verhouding tussen die karakters groei, ontwikkel en verander geensins tydens die toneel nie.
Geloofwaardigheid	Die leerder is ten alle tye geloofwaardig binne die konteks van die toneel of toneelstuk.	Die leerder is in sekere momente geloofwaardig binne die konteks van die toneel of toneelstuk.	Die leerder is selde geloofwaardig binne die konteks van die toneel of toneelstuk.
Struktuur van toneel	Die leerder toon 'n begrip van hoe die dramaturg die toneel gestruktureer het. Die toneel het 'n duidelike begin, middel en einde. Daar is 'n klimaks of hoogtepunt in die toneel.	Die leerder tref nie 'n duidelike onderskeid tussen begin, middel en einde nie. Die klimaks word nie ten volle gerealiseer nie.	Daar is min bewys van struktuur, geen werklike besef van 'n begin, middel en einde nie en die klimaks word nie gerealiseer nie.
Skep van 'n gepaste genre/styl	Die leerder toon die vermoë om die genre en styl op gepaste wyse te interpreteer en te voldoen aan die vereistes van die genre/styl ten opsigte van aspekte soos die verhouding met die gehoor, geloofwaardigheid binne die styl, tydsberekening, gepaste fisieke handeling, ens.	Daar is 'n poging om die genre en styl op gepaste wyse te interpreteer, maar die vereistes van die genre/styl word nie deurgaans ten volle in die toneel gerealiseer nie.	Daar is min of geen pogings om die genre en styl op gepaste wyse te interpreteer nie en die vereistes van die genre/styl word nie in die toneel gerealiseer nie.
Impak van toneel	Die toneel is onvergeetlik, effektief en boeiend.	Die toneel het enkele onvergeetlike, effektiewe en boeiende oomblikke, maar dit is inkonsekwent.	Die toneel het min of geen onvergeetlike, effektiewe, boeiende oomblikke nie.

POËSIE			
KRITERIA	BEHAAL MET VERDIENSTE	BEHAAL	GEDEELTELIK BEHAAL
Vorbereiding	Die leerder ken die woorde van die gedig en lewer bewys van nadenke, beplanning en repetisie.	Die leerder ken die woorde, maar toon wel tekens van onsekerheid of onvoldoende repetisie.	Die leerder ken nie die woorde van die gedig nie en toon geen tekens van nadenke, beplanning of repetisie nie.
Begrip van gedig	Die leerder toon 'n begrip van die gedig; sy/haar vertolking is gepas en gemotiveerd.	Die leerder toon 'n gedeeltelike begrip van die gedig en sy/haar interpretasie is gedeeltelik gepas en gemotiveerd.	Die leerder toon geen begrip van die gedig nie en sy/haar interpretasie is onvanpas en ongemotiveerd.
Oordrag van betekenis	Die leerder begryp hoe om die boodskap oor te dra deur middel van elemente soos frasering, pousering, beklemtoning, intonasie en stemtoon (kwaliteit). Hy/Sy is in staat om 'n teks te interpreteer deur gebruik te maak van hierdie elemente en die boodskap van die teks duidelik en uitdrukingsvol te kommunikeer.	Die leerder is slegs gedeeltelik suksesvol in die oordrag van die boodskap van die gedig. Die betekenis is nie altyd duidelik of uitdrukingsvol nie.	Die leerder is nie suksesvol in die oordrag van die boodskap van die gedig nie. Die betekenis is onduidelik of word op niksseggende wyse oorgedra.
Vokale uitdrukingsvermoë	Die leerder is in staat om 'n gebalanseerde, aangename stemkwaliteit te skep wat uniek is, by hom/haar pas en geen tekens van spanning/oorreising toon nie. Hy/sy verken en gebruik die uitdrukings-, vertolkings- en musikale aspekte van spraakklanke om subtiele betekenis en stemming/atmosfeer weer te gee.	Die leerder se stem is nie deurgaans gebalanseerd of aangenaam om na te luister nie, of daar is tekens van vokale spanning/oorreising. Hy/sy is nie heeltemal suksesvol in die verken en gebruik van die uitdrukings-, vertolkings- en musikale aspekte van die spraakklanke om subtiele betekenis en stemming/atmosfeer weer te gee nie.	Die leerder se stem is nie gebalanseerd of aangenaam om na te luister nie, of daar is tekens van oormatige vokale spanning/oorreising. Hy/sy is onsuksesvol in die verkenning en gebruik van die uitdrukings-, vertolkings- en musikale aspekte van spraakklanke om subtiele betekenis en stemming/atmosfeer weer te gee nie.
Vokale duidelikheid	Die leerder praat duidelik en hoorbaar. Hy/Sy is in staat om die gepaste volume vir 'n ruimte te produseer, sonder vokale spanning/oorreising.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol met betrekking tot duidelike en hoorbare spraak. Daar is momentele insinkings, of oomblikke van spanning/oorreising.	Die leerder is onsuksesvol met betrekking tot duidelike en hoorbare spraak. Volume kan slegs deur vokale spanning/oorreising verkry word.
Fisieke werk	Die leerder kies beweging of onbeweeglikheid wat toepaslik is vir die gedig en sy/haar interpretasie daarvan. Hy/Sy toon beheer oor sy/haar liggaam ten einde van onnodige spanning ontslae te raak en optimale liggaamsgerigtheid en balans te bewerkstellig. Die liggaam ondersteun die stem en word ten volle daarmee geïntegreer.	Die leerder se keuses van beweging of onbeweeglikheid is nie altyd gepas vir die gedig nie, OF daar is 'n gebrek aan beheer oor hulle fisikaliteit binne sekere momente, OF daar is by tye tekens van onnodige spanning, OF die liggaam word nie ten volle in die gedig geïntegreer nie.	Die leerder kies beweging of onbeweeglikheid wat onvanpas vir die gedig is, OF daar is min of geen beheer oor sy/haar fisikaliteit, OF daar is tekens van oormatige en onnodige spanning, OF die liggaam word geensins in die gedig geïntegreer nie.
Emosionele konneksie	Die leerder is in staat om op effektiewe en gepaste wyse met die emosies van die persona in die gedig te konnekteer sodat die gehoor oortuig is van die geloofwaardigheid van hierdie emosies.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol in die gepaste en effektiewe konneksie met die persona van die gedig se emosies; hy/sy mag moontlik nie ten alle tye oortuigend wees nie, of hy/sy mag binne sekere momente op onvanpaste wyse reageer.	Die leerder is onsuksesvol in die gepaste en effektiewe konneksie met die persona van die gedig se emosies; hy/sy is onoortuigend, of sy/haar emosionele keuses is geheel en al onvanpas.
Skep van gepaste stemming	Die leerder gebruik vokale en fisieke uitdrukking ten einde 'n gepaste stemming/atmosfeer vir die gedig te skep.	Die skep van atmosfeer is inkonsekwent, onvanpas, of word nie deurgaans volgehou deur die gedig nie.	Daar is min of geen bewys van begrip van die stemming van die gedig, of die vermoë om dit op effektiewe wyse deur die gebruik van die stem en liggaam te skep nie.

Aanwending van poëtiese elemente	Die leerder toon die bemeestering van poëtiese elemente wat inherent tot sy/haar gedig is, insluitend die aanwending van pousering, die lengte van versreëls en strofes, ritme, metrum, rym, beeldspraak, register en toon.	Nie alle poëtiese elemente word met bedrewenheid aangewend nie.	Poëtiese elemente word nie goed hanteer nie.
Impak van gedig	Die leerder se aanbieding is onvergeetlik, effektief en boeiend.	Die gedig het enkele onvergeetlike, effektiewe en boeiende oomblikke, maar dié is inkonsekwent.	Die gedig het min of geen onvergeetlike, effektiewe, boeiende oomblikke nie.

INDIVIDUELE PROSA			
KRITERIA	BEHAAL MET VERDIENSTE	BEHAAL	GEDEELTELIK BEHAAL
Vorbereiding	Die leerder ken die woorde van die prosa-uittreksel en lewer bewys van nadenke, beplanning en repetisie.	Die leerder ken die woorde, maar toon wel tekens van onsekerheid of onvoldoende repetisie.	Die leerder ken nie die woorde van die prosa-uittreksel nie en toon geen teken van nadenke, beplanning of repetisie nie.
Begrip van die prosa-uittreksel	Die leerder toon 'n begrip van die prosa-uittreksel en sy/haar interpretasie is gepas en gemotiveerd.	Die leerder toon 'n gedeeltelike begrip van die prosa-uittreksel en sy/haar interpretasie is soms gepas en gemotiveerd.	Die leerder toon geen begrip van die prosa-uittreksel nie en sy/haar interpretasie is onvanpas en ongemotiveerd.
Oordrag van betekenis	Die leerder begryp hoe om die boodskap oor te dra deur middel van elemente soos frasiering, pousering, beklemtoning, intonasie en stemtoon (kwaliteit). Hy/Sy is in staat om 'n teks te interpreteer deur gebruik te maak van hierdie elemente en die boodskap van die teks duidelik en uitdrukingsvol te kommunikeer.	Die leerder is slegs gedeeltelik suksesvol in die oordra van die boodskap van die gedig. Die betekenis is nie altyd heeltemal duidelik of veelseggend nie.	Die leerder is nie suksesvol in die oordra van die boodskap van die gedig nie. Die betekenis is onduidelik of word op niksseggende wyse oorgedra.
Vokale uitdrukingsvermoë	Die leerder is in staat om 'n gebalanseerde, aangename stemkwaliteit te skep wat uniek is, by hom/haar pas en geen tekens van spanning/ooereising toon nie. Hy/Sy verken en gebruik die uitdrukings-, vertolkings- en musikale aspekte van spraakklanke om sodoende subtiele betekenis en stemming/atmosfeer weer te gee.	Die leerder se stem is nie deurgaans gebalanseerd of aangenaam om na te luister nie, of daar is tekens van vokale spanning/ooereising. Hy/sy is nie heeltemal suksesvol in die verken en gebruik van die uitdrukings-, vertolkings- en musikale aspekte van spraakklanke om subtiele betekenis en stemming/atmosfeer weer te gee nie.	Die leerder se stem is nie gebalanseerd of aangenaam om na te luister nie, of daar is tekens van oormatige vokale spanning/ooereising. Hy/sy is glad nie suksesvol in die verkenning en gebruik van die uitdrukings-, vertolkings- en musikale aspekte van spraakklanke om subtiele betekenis en stemming/atmosfeer weer te gee nie.
Vokale duidelikheid	Die leerder praat duidelik en hoorbaar. Hy/Sy is in staat om die gepaste volume vir 'n ruimte te produseer, sonder vokale spanning/ooereising.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol met betrekking tot duidelike en hoorbare spraak. Daar is momentele insinkings, of oomblikke van spanning/ooereising.	Die leerder is onsuksesvol met betrekking tot duidelike en hoorbare spraak. Volume kan slegs verkry word deur vokale spanning/ooereising.
Fisieke werk	Die leerder kies beweging of onbeweeglikheid wat toepaslik vir die prosa-uittreksel en sy/haar interpretasie daarvan is. Hy/Sy toon beheer oor sy/haar liggaam ten einde van onnodige spanning ontslae te raak en optimale liggaamsgerigtheid en balans te bewerkstellig. Die liggaam word op kreatiewe en uitdrukingsvolle wyse aangewend in die dramatisering van die prosa-uittreksel.	Die leerder se keuses van beweging of onbeweeglikheid is nie altyd gepas vir die prosa-uittreksel nie, OF daar is 'n gebrek aan beheer oor sy/haar fisikaliteit binne sekere momente, OF daar is by tye tekens van onnodige spanning. Die liggaam word slegs hier en daar op kreatiewe en betekenisvolle wyse aangewend.	Die leerder kies beweging of onbeweeglikheid wat onvanpas vir die prosa-uittreksel is, OF daar is min of geen beheer oor sy/haar fisikaliteit, OF daar is tekens van oormatige en onnodige spanning. Die liggaam word selde of glad nie op kreatiewe en uitdrukingsvolle wyse aangewend nie.
Dramatisering as opvoering	Die leerder gebruik oorspronklike, effektiewe toneelmatige metodes om die prosa-uittreksel te dramatiseer sodat dit as 'n opvoering werk.	Die leerder is gedeeltelik effektief of oorspronklik in die gebruik van toneelmatige metodes om die prosa-uittreksel te dramatiseer sodat dit as 'n opvoering sal werk.	Die leerder is onsuksesvol in die gebruik van toneelmatige metodes om die prosa-uittreksel te dramatiseer sodat dit as 'n opvoering sal werk.

Gebruik van gepaste vertellingstegnieke	Die leerder is bewus van die styl van sy/haar storie en die inherente vertellingstegnieke (bv. intsoni-vertelling, sprokiesverhale, mites). Hy/Sy gebruik gepaste tegnieke in sy/haar aanbieding, wat insluit derdepersoonsvertelling, karakterskepping, gebruik van sang of sleursange, ens.	Die leerder is gedeeltelik suksesvol in die aanwending van gepaste vertellingstegnieke, of gebruik net sekeres, of gebruik onvanpaste vertellingstegnieke wat nie by die styl van die storie aansluit nie.	Die leerder is onsuksesvol in die aanwending van gepaste vertellingstegnieke, of gebruik totaal onvanpaste vertellings-tegnieke wat nie by die styl van die storie aansluit nie.
Skep van 'n gepaste stemming/styl/genre	Die leerder gebruik vokale en fisieke uitdrukking ten einde 'n gepaste atmosfeer/styl/genre vir die prosa-uitreksel te skep.	Daar word pogings aangewend om die genre en styl te interpreteer, maar die vereistes/uitdagings van die genre/styl word nie ten volle deur die loop van die prosa-uitreksel gerealiseer nie.	Daar is min of geen pogings om genre en styl te interpreteer en die vereistes/uitdagings van die genre/styl word nie gedurende die prosa-uitreksel gerealiseer nie.
Impak van prosa-uitreksel	Die leerder se aanbieding is onvergeetlik, effektief en boeiend.	Die prosa-uitreksel het sommige onvergeetlike, effektiewe en boeiende oomblikke, maar dit is inkonsekwent.	Die prosa-uitreksel het min of geen onvergeetlike, effektiewe, boeiende oomblikke nie.

BEWEGING			
KRITERIA	BEHAAL MET VERDIENSTE	BEHAAL	GEDEELTELIK BEHAAL
Praktiese/ Aanbiedingsvaardighede 1. Die vermoë om 'n verskeidenheid bewegings, choreografiese style en prosesse te verstaan en te gebruik.	Die leerder gebruik 'n wye verskeidenheid bewegings om sekvens te skep en is in staat om verskillende choreografiese style en prosesse te verstaan en te gebruik. Die leerder toon 'n goeie begrip van ruimte, tyd en dinamika.	Die leerder is in 'n staat om 'n goeie verskeidenheid bewegings te gebruik om 'n sekvens te skep en toon 'n begrip van choreografiese style en prosesse.	Die leerder is in staat om 'n beperkte verskeidenheid bewegings te gebruik om sekvens te skep en toon min begrip vir die gebruik van ruimte, tyd en bewegingsdinamika.
2. Die vermoë om bedrewenheid en selfvertroue tydens 'n bewegingsopvoering te toon sodat idees verstaan word.	Die leerder bied sy/haar werk duidelik en met selfvertroue aan sodat die bewegingsidees deur die toekouers verstaan word.	Die leerder is in staat om idees redelik goed uit te voer sodat sy/haar bewegingsidees meestal verstaan word.	Die leerder is in staat om enkele bewegingsidees duidelik uit te voer en moet nou meer selfvertroue ontwikkel wanneer sy/haar werk vir ander aangebied word.
Eksperimentering (Ontwikkeling en realisering van idees) 1. Die vermoë om 'n verskeidenheid stimuli, bykomstighede en bewegingstyle te gebruik om 'n sekvens te skep.	Die leerder gebruik 'n wye verskeidenheid stimuli en bykomstighede met selfvertroue om ingewikkelde sekvens te skep en maak uitstekend gebruik van verskeie bewegingstyle.	Die leerder begin om sommige stimuli en bykomstighede met selfvertroue te gebruik om eenvoudige sekvens te skep en is besig om 'n verskeidenheid bewegingstyle te ontwikkel.	Met bystand kan die leerder sommige stimuli en bykomstighede gebruik om eenvoudige sekvens te skep. Hy/Sy is in staat om eenvoudige bewegingstyle te gebruik om 'n opdrag/taak te voltooi.
2. Die vermoë om vanaf die oorspronklike stimulus 'n idee uit te brei en te ontwikkel: om verskillende idees op die proef te stel en hulle met begrip en selfvertroue te selekteer of te verwerp ten einde die opdrag/taak te voltooi.	Die leerder kan 'n eenvoudige idee in 'n komplekse sekvens ontwikkel, deur duidelike besluite oor sy/haar werk te neem. Die leerder kan redes vir die seleksie van sekere bewegings met selfvertroue verduidelik en maak gebruik van dansterminologie om hom/haar uit te druk.	Die leerder kan 'n idee met toenemende selfvertroue ontwikkel, deur die bewegings te selekteer en op die proef te stel ten einde die opdrag/taak te voltooi.	Die leerder kan 'n eenvoudige idee met bystand en aanmoediging ontwikkel, deur bewegings te kies en op die proef te stel wat hy/sy dink geskik is vir die opdrag/taak.
Kritiese bewustheid 1. Die vermoë om analitiese kommentaar te lewer wat die struktuur en aanbieding van eie en ander se werk verbeter.	Die leerder is in staat om gedetailleerde en analitiese kommentaar oor danswerk te lewer, wat lei tot verbeterings in die struktuur en aanbieding.	Die leerder is in staat om kommentaar te lewer wat help om sy/haar eie en ander se werk te verbeter.	Wanneer die leerder gevra word, kan hy/sy kommentaar lewer op die danswerk wat hy/sy gesien het ten einde dit te verbeter.
2. Die vermoë om die werk van verskillende bewegingstyle te vergelyk en te kontrasteer.	Die leerder kan subtiele konneksies en vergelykings tussen 'n verskeidenheid bewegingstyle raaksien en met gemak verduidelik wat hy/sy bedoel.	Die leerder is in staat om konneksies tussen verskillende bewegingswerke en -style te maak.	Die leerder is in staat om met bystand en aanmoediging van die onderwyser ooglopende konneksies tussen verskillende bewegingswerke te sien.
3. Die vermoë om die verskil tussen objektiewe oordeel en persoonlike voorkeur te verstaan wanneer dit kom by die skep, gebruik van en waarneming van bewegingsvorme.	Die leerder toon 'n duidelike begrip van bewegingsvorme en -struktuur na aanleiding van sy/haar opmerkings en die woordeskaf wat hy/sy gebruik. Die leerder is bewus van sy/haar eie voorkeure m.b.t. beweging en is in staat om hulle te weerhou, of aan te wend waar van toepassing.	Die leerder kan oor beweging praat en gepaste terme/woorde gebruik en begin ook bewus raak van sy/haar voorkeure en afkeure m.b.t. beweging.	Met aanmoediging kan die leerder praat oor hoekom hy/sy van 'n bewegingsitem hou, deur gebruik te maak van woorde wat die inhoud van die beweging beskryf (bv. lyn, vorm, ritme, dinamika)
Persoonlike en sosiale vaardighede 1. Die vermoë om binne groepsverband saam te werk en idees uit te ruil ten einde die opdrag/taak te voltooi.	Die leerder werk baie goed as lid van 'n groep, lewer baie bydraes en deel baie idees met die groep.	Die leerder werk gewoonlik goed saam met ander mense en maak sommige bydraes tot die werk van die groep.	Die leerder kan soms binne groepsverband saam met ander werk en enkele idees deel ten einde 'n groepsopdrag/-taak te voltooi.
2. Die vermoë om onafhanklik 'n idee te ontwikkel en werk te organiseer.	Die leerder is baie goed georganiseerd en is in staat om idees suksesvol op sy/haar eie te ontwikkel.	Die leerder is in staat om sy/haar werk te organiseer en eenvoudige idees op sy/haar eie te ontwikkel.	Die leerder kan met hulp en aanmoediging van die onderwyser enkele take op sy/haar eie ontwikkel en voltooi.
3. Die vermoë om gefokus te bly en te volhard deur alle fases en verskillende soorte werk/take.	Die leerder bly geïnteresseerd in 'n taak deur al die fases van ontwikkeling en werk hard, selfs wanneer 'n taak/opdrag uitdagend is.	Die leerder kan gewoonlik aan 'n idee van begin tot einde werk.	Die leerder kan soms van begin tot einde aan 'n idee bly werk, indien hy/sy gehelp of aangemoedig word.

ALGEMENE TEGNIESE ASPEKTE			
KRITERIA	BEHAAL MET VERDIENSTE	BEHAAL	GEDEELTELIK BEHAAL
Voorbereiding	Die leerder het ondersoek gedoen oor die tegniese aspek wat hy/sy in gereedheid gebring het en toon bewys van nadenke, beplanning en navorsing.	Die leerder het ondersoek gedoen, maar daar is tekens van onsekerheid of 'n gebrek aan beplanning en navorsing.	Die leerder maak staat op kennis wat by die onderwyser opgedoen is en/of die basiese tegniese aspekte wat in die sillabus vermeld word. Geen bewyse van nadenke, beplanning of navorsing nie.
Begrip van die praktiese tegniese aspekte	Die leerder toon 'n vaardige begrip van hoe om met die tegniese toestel te werk (bv. ligte of beligtingsmeesterbord) of dit te maak (bv. 'n kostuum of stel).	Die leerder toon 'n mate van begrip van hoe om met die toestel te werk (bv. ligte of beligtingsmeesterbord) of dit te maak (bv. 'n kostuum of stel).	Die leerder toon 'n eenvoudige begrip van hoe om met die toestel te werk (bv. ligte of beligtingsmeesterbord) of dit te maak (bv. 'n kostuum of stel).
Toepassing van tegniese aspek in 'n praktiese situasie	Die leerder slaag daarin om betekenis suksesvol oor te dra met die gebruik van minstens een tegniese aspek. Hy/sy is in staat om die teorie van die tegniese aspek toe te pas en deur middel van hierdie tegniese aspekte tot die opvoering by te dra.	Die leerder slaag slegs gedeeltelik in die oordra van betekenis deur die gebruik van minstens een tegniese aspek.	Die leerder slaag nie daarin om betekenis oor te dra deur die gebruik van minstens een tegniese aspek nie. Die tegniese aspek verhoog nie die opvoering se genot of sukses nie.
Kreatiewe interpretasie	Die leerder verken en benut die ekspressiewe, vertolkings- en ander aspekte van sy/haar gekose tegniese veld ten einde subtiële betekenis in die produksie oor te dra. Sy/haar interpretasie is geskik en gemotiveerd.	Die leerder wend 'n poging aan om die vertolkings- en ander aspekte van sy/haar gekose tegniese veld te verken ten einde betekenis in die produksie oor te dra. Hy/Sy slaag nie ten volle daarin om tegniese aspekte te gebruik om tot die genot of sukses van die produksie by te dra nie.	Die leerder se poging om die vertolkings- en ander aspekte van sy/haar gekose tegniese veld te verken, is swak. Dit voeg nie betekenis by die produksie nie. Hy/Sy slaag nie daarin om tegniese aspekte te gebruik om tot 'n produksie by te dra nie.
Dokumentering en bewys van proses	Die leerder verskaf gedetailleerde en omvattende bewyse van die proses. Dit word dikwels vergesel deur nadenkende kommentaar of analise.	Die leerder verskaf gedeeltelike bewyse van die proses. Die taak is wel gedoen, maar die bewyse verskaf min besonderhede of nadenke oor die proses.	Die leerder verskaf baie min bewyse van die proses. Geen blyke van nadenke nie.
Gebruik van gepaste tegnieke	Die leerder is bewus van 'n verskeidenheid tegnieke en style wat saam met die gekose tegniese aspek gebruik word. Hy/Sy gebruik die geskikste tegnieke en kan sy/haar besluite motiveer.	Die leerder verduidelik sy/haar tegniek en styl, maar verduidelik nie noodwendig die keuses wat beskikbaar was nie. Hy/Sy gebruik die mees vanselfsprekende/maklikste tegniek en kan dikwels nie sy/haar besluite motiveer nie. Wanneer die keuse gepas is, is dit gewoonlik toevallig en nie omdat dit so beplan is nie.	Die leerder toon min bewys van begrip van die tegnieke en style. Die keuse wat uitgeoefen is, pas dikwels nie by die produksie as geheel nie.
Skep van gepaste stemming/styl/genre	Die leerder toon die vermoë om die tegniese aspek te gebruik om 'n stemming/styl/genre te skep wat gepas is vir die opvoering.	Die leerder wend in 'n mate 'n poging aan om die tegniese aspek te gebruik om die genre en styl gepas te interpreteer, maar die eise van die genre/styl word nie deurgaans ten volle in die opvoering gerealiseer nie.	Daar is min of geen poging om die tegniese aspek te gebruik om die genre en styl gepas te vertolk nie. Die eise van die genre/styl word nie deurgaans ten volle in die opvoering gerealiseer nie.
Impak van tegniese aspekte wat by die opvoeringstuk geïnkorporeer is	Die leerder se tegniese kundigheid verhoog die genot en sukses van die opvoering. Die tegniese aspekte voeg onvergeetlike, effektiewe en boeiende momente tot die opvoering by.	Die leerder se tegniese kundigheid is gepas vir die opvoering as geheel. Die tegniese aspekte voeg effektiewe en boeiende momente tot die opvoering by, maar dit is inkonsekwent.	Die leerder se tegniese kundigheid dra nie by tot die opvoering as geheel nie. Die tegniese aspekte lewer min effektiewe en boeiende momente op.

REGIE			
KRITERIA	BEHAAL MET VERDIENSTE	BEHAAL	GEDEELTELIK BEHAAL
Voorbereiding	Die leerder het navorsing oor die opvoeringstuk gedoen (d.w.s. die dramaturg, drama of bronmateriaal), en is vertrouwd met die geskiedenis en die genre en die bedoeling van die skepper(s) daarvan. Sy/haar regisseursjoernaal toon bewyse van nadenke, beplanning en gestruktureerde repetering.	Die leerder het 'n mate van navorsing oor die opvoeringstuk gedoen (d.w.s. die dramaturg, drama of bronmateriaal) en is bekend met sekere aspekte van die geskiedenis en die genre en die bedoeling van die skepper(s) daarvan. Sy/haar regisseursjoernaal toon 'n mate van bewyse van nadenke of beplanning of pogings tot repetering.	Die leerder het min of geen navorsing oor die opvoeringstuk gedoen (d.w.s. die dramaturg, drama of bronmateriaal) nie. Hy/sy is nie in staat om sekere aspekte van die geskiedenis en die genre en die bedoeling van die skepper(s) te verklaar nie. Sy/haar regisseursjoernaal toon min of geen bewyse van nadenke of beplanning of pogings tot repetering nie.
Begrip van toneel	Die leerder toon begrip van die gekose opvoeringstuk (d.i. toneel) soos dit binne die konteks van die toneelstuk/produksie as geheel voorkom. Hy/Sy begryp die basiese dilemma/konflik van die toneel en die karakters en hul motivering.	Daar is blyke van 'n mate van begrip van die gekose opvoeringstuk (d.i. toneel), maar sekere aspekte is oor die hoof gesien of is nie deurgaans konsekwent nie. Daar mag moontlik 'n verkeerde interpretasie van die gegewe omstandighede wees.	Die leerder toon min of geen begrip van die gekose opvoeringstuk nie (d.i. toneel) soos dit binne die konteks van die toneelstuk/produksie as geheel voorkom nie. Hy/Sy begryp nie die basiese dilemma/konflik van die toneel, die karakters en hul motivering nie. Daar is 'n algeheel verkeerde interpretasie van die gegewe omstandighede.
Vokale regie	Die leerder toon 'n begrip van hoe al die elemente van stemwerk byeenkom om die persoonlikheid, agtergrond, klas, ouderdom, opvoeding en status van die spreker oor te dra. Hy/Sy kan 'n teks interpreteer en gepaste regisseursvoorstelle maak vir karakterisering. Hierdie kenmerke kan insluit toonhoogte, intonasie, omvang, ritme, aksent, infleksie en kwaliteit insluit, om die stem van die karakter suksesvol en op gepaste wyse oor te dra.	Die leerder slaag slegs gedeeltelik daarin om leiding aan 'n akteur te gee oor hoe om vokale karakterisering te skep en vol te hou. Sekere aspekte van die karakterisering mag moontlik onvanpas vir die bepaalde karakter of konteks wees.	Die leerder slaag glad nie daarin om leiding aan 'n akteur te gee oor hoe om vokale karakterisering te skep en vol te hou nie. Die vokale karakterisering is onvanpas vir die bepaalde karakter of konteks OF daar is geen bewys van vokale regie nie.
Fisieke regie	Die leerder toon die vermoë om die akteur(s) leiding te gee om hulle liggame aan te pas met betrekking tot postuur, energie, gewig, grootte en gehalte van gebare, fisieke ritmes en gewoontes ten einde die fisikaliteit van die karakters suksesvol en gepas weer te gee.	Die leerder slaag slegs gedeeltelik daarin om leiding aan die akteur(s) te gee oor hoe om fisieke karakterisering te skep en vol te hou. Sekere aspekte van die fisieke karakterisering mag moontlik onvanpas vir die bepaalde karakter(s) of konteks wees.	Die leerder slaag glad nie daarin om leiding aan die akteur(s) te gee oor hoe om fisieke karakterisering te skep en vol te hou nie. Die fisieke karakterisering mag moontlik onvanpas vir die bepaalde karakter(s) of konteks wees.
Verhoogsin – regie van spelers in die gebruik van ruimte	Die leerder toon die vermoë om die verhoogruimte op gepaste en interessante wyse te gebruik sodat die opvoering duidelik met die gehoor kommunikeer en dui op 'n begrip van die veranderende dinamika van die verhouding wat verken word. Alle bewegings is gemotiveer.	Die leerder slaag gedeeltelik daarin om die verhoogruimte op gepaste en interessante wyse te gebruik. Dit kan die gevolg wees van gebrekkige leiding aan die akteur(s) op die verhoog of onsekerheid en/of bewegings wat met tye ongemotiveer is.	Die leerder slaag nie daarin om die verhoogruimte op gepaste en interessante wyse te gebruik nie. Hy/Sy het nie gepaste leiding aan die akteur(s) gegee nie en die handeling op die verhoog is dikwels ongemotiveer.
Speel van subteks	Die leerder toon 'n begrip van die subteks en intensies ten einde die karakter se spreekbeurte en handeling vir die gehoor verstaanbaar te maak. Die leerder maak seker dat die karakter se innerlike lewe deurgaans verken en ontwikkel word.	Die leerder slaag gedeeltelik daarin om die begrip van die subteks en intensies te toon, en om die karakter se spreekbeurte en handeling vir die gehoor verstaanbaar te maak. Die karakter se innerlike lewe ontwikkel nie deurgaans nie.	Die leerder slaag nie daarin om blyke van begrip te toon van die subteks en intensies nie. Spreekbeurte en handeling kom ongemotiveer voor; daar is min bewys dat die regisseur die subteks deur dink het, spreekbeurte word afgerammel en die karakter se innerlike lewe ontwikkel nie deurgaans nie.
Ontwikkeling van verhoudings	Die leerder toon in sy/haar regie 'n begrip van die karakter(s) se status met betrekking tot ander karakters in die toneel en hoe dit daartoe lei dat die verhouding tussen die karakters toepaslik groei, ontwikkel en verander.	Die leerder is inkonsekwent in sy/haar regie om die status van die karakter(s) met betrekking tot ander karakter(s) in die toneel aan te toon; die verhouding tussen die karakters groei, ontwikkel en verander nie toepaslik nie.	Die leerder is onbewus van die karakter(s) se status met betrekking tot die ander karakter(s) in die toneel. Die regie is gebrekkig en die verhouding tussen die karakters groei, ontwikkel en verander nie in die loop van die toneel nie.

Struktuur van toneel	Die leerder toon in sy/haar regie 'n begrip van hoe die dramaturg die toneel gestruktureer het. Die toneel het 'n duidelike begin, middel en einde. Daar is 'n klimaks of hoogtepunt in die toneel.	Die leerder se regie stel nie die gehoor in staat om 'n duidelike begrip van die opvoering se begin, middel en einde te vorm nie. Die klimaks word nie ten volle gerealiseer nie.	Daar is min blyke van begrip van struktuur in die leerder se regie, geen ware besef van 'n begin, middel en einde nie, en die klimaks word nie gerealiseer nie.
Skep van gepaste genre/styl	Die leerder toon die vermoë om genre en styl op gepaste wyse te interpreteer. Die regie voldoen aan die eise van die genre/styl met betrekking tot aspekte soos verhouding met die gehoor, geloofwaardigheid binne die styl, tydsberekening, toepaslike fisieke handeling, ens.	Daar is 'n poging aangewend om die opvoering so te regisseer dat die genre en styl toepaslik vertolk word, maar daar word nie deurgaans aan die eise van die genre/styl voldoen nie.	Daar is min of geen poging aangewend om die opvoering so te regisseer dat die genre en styl toepaslik vertolk word nie; die eise van die genre/styl word nie deurgaans gerealiseer nie.
Impak van opvoering (d.i. die toneel)	Die toneel is onvergeetlik, effektief en boeiend.	Die toneel bevat enkele onvergeetlike, effektiewe en boeiende momente, maar dit is inkonsekwent.	Die toneel bevat min of geen onvergeetlike, effektiewe of boeiende momente nie.